Psalms https://totueer.blog/52-weke/ **Aanbidding (worship)**

Bundel	**Ps 1-41**	**Ps 42-72**	**Ps 73-89**	**Ps 90-106**	**Ps 107-150**
Hoof skrywer	Dawid	Dawid en Korag	Asaf	Anoniem	Dawid en anoniem
Afsluitende lof	41:13	72:18-19	89:52	106:48	150:1-6
Basiese inhoud	Aanbiddings liedere	Psalms van nasionale belang		Lofliedere	
Samesteller	Dawid, 1020-970 vC	Hiskia of Hosea 970-610 vC		Esra of Nehemia 430 vC	

Dag	**Dag se brood**	**Meer heuning**
Ma	Ps 1	Ps 19
Di	Ps 22	Ps 110
Wo	Ps 23	Ps 24
Do	Ps 37	Ps 72
Vry	Ps 100	Ps 101
Sat	Ps 121	Ps 139
Son	Ps 150	Ps 116

Die sentral tema van die boek Psalms is aanbidding (worship in Engels). As ons God se grootheid en heerlikheid in sy openbaring aan ons oor wie Hy is, wat Hy vir ons gedoen het en wat Hy nog vir ons gaan doen, is aanbidding ons antwoord aan Hom deur Woordbediening, sang, gebed, nagmaal ens.

Psalms is ‘n wonderlike en unieke boek:

Geen ander boek in die Ou Testament openbaar soveel aangaande die Wese van God nie (bv. Ps139)

Geen ander boek word so baie in die Nuwe Testament aangehaal nie. (bv. Ps 22)

Geen ander boek besing die lof van Gods Woord soos die Psalms nie. (bv. Ps 119)

Die Psalms is nie net ons antwoord op God se heerlikheid nie, maar Hy openbaar Hom ook aan ons (bv. Ps 139).

Van die Psalms noem ons Messiaanse psalms, want hulle openbaar Jesus Christus aan ons. Bv. Hy sal gekruisig word (Ps 22), Hy sal hoëpriester wees (Ps 110:4, Heb 5:6), Hy sal vir sy vyande bid (Ps 109:4, Luk 23:34) en Hy sal vir ewig op die troon wees (Ps 45:6, Heb 1:8)

Memoriseervers: *Ek sal die lof van die Here verkondig. Laat al wat leef, sy heilige Naam vir altyd prys. (Ps 145:21)*

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Psalms is ‘n ongelooflike boek,
dit besing die lewe uit elke hoek.

Jy kry daar profetiese stof
en heelwat gedigte vol lof.

Die Woord besing in Wysheidspsalm.
Vloek word ook in party weergalm.

In sommige word sonde bely.
Klaag en verdriet sal jy ook kry.

Fees en pelgrimslied in vertroue,
want deur geskiedenis hul behoue.

Paar voorbeelde:

Psalm 47, 93, 96, 97, 98 en 99

Psalm 100, 103 , 135, 13, 146-150

Psalms 1, 32, 34, 37, 49, 73, 112, 119, 127, 128, 133 en 139

Psalms 35, 58, 69, 83, 109 en 137

Dawid 32, 51

Individu 3, 6, 7, 13, 22, 38, 39, 42, 51, 61, 63, 86, 102 en 130. Volk 44, 60, 74, 79, 80, 83

Pelgrim 120-134, Feesdae 113-118

Skepping vertel in psalms 19, 29, 33, 65, 74, 104, 136, 139, 147 en 148, Kronologies Psalms 8, 78, 105, 106, 135 en 136, Gebeure psalm 44, 47, 60, 68, 77, 80, 81, 99, 106, 108, 114, 135 en 136